**Tema: Die tweede vrug van die Gees is om ware lewensvreugde in die Here te hê.**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps. 30 - 1: 1, 3, 4, 8
Sb. 5 - 4: 1, 5, 6

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 9 - 1: 1, 10
Votum
Seën;
Loflied Ps. 105 - 1: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: HK Sondag 1

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet uit Efesiërs 5: 6 – 20
Sing Ps 73 - 1: 1 en 11
Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Johannes 16: 16 - 24
Romeine 5: 1 – 11
Teksverse: Galasiërs 5: 22
Sing: Ps. 48 - 2: 1 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed
Liefdegawe by die deure
Sing Lied 525: 1, 2, 3
Seën
Amenlied: Sb. 13-2.

Geliefde br en sr

Onthou jy daardie kere in jou lewe toe jy so diep en intens bewus geword het van die totale onverdiende genade wat jy uit die hand van die Here ontvang het? Miskien ŉ groot oomblik in jou lewe wat jy alleen maar aan die liefde, genade en voorsienigheid van God kan toeskryf! En by die besef daarvan word jou hele wese vervul met ‘n diep en onbeskryflike lewensvreugde! Dat jy wil uitroep: Dankie Here, dis so wonderlik om U kind te wees en uit U hand te leef, ek kan dit nie eers in woorde beskryf nie! Dis daardie wonderlike onbeskryflike oomblik tussen jou en God!

Br en sr: wat jy daar beleef het, is die “vreugde” waarvan ons teksvers praat as die tweede vrug van die Gees! Dit is een van die ongelooflikste en onbeskryflikste dinge wat God aan ons as sy kinders gee! Daardie “vreugde in die Here” wat so diep in my lê en my lewensuitkyk bepaal!

En die wonderlike, ek wil eintlik sê: die bomenslike aspek van hierdie “vreugde” juis as vrug van die Heilige Gees se werking in my lewe, is dat hierdie vreugde in my hart bly selfs wanneer dit baie, baie sleg met my gaan!

Ja, geliefdes, hierdie “vreugde” van ons teksvers is nie gekoppel aan of afhanklik van uiterlike goeie omstandighede nie! Die wonder-werking van die Heilige Gees in my lewe is dat ek hierdie diep lewensvreugde mag ervaar, al gaan dit regtig sleg met my!

Onthou, jy ook daardie tye in jou lewe toe dinge regtig skeef geloop het en jy baie swaar gekry het? Hoe jy selfs te midde van jou worsteling, jou vrees en bekommernis, nogtans vreugde in die Here kon ervaar! Hoe jy net hier diep binne jou geweet het: ek is in die hande van my Here! Hy is lief vir my en Hy sorg vir my! Hy sal my nie vergeet en my nie verlaat nie! Hoe die Here ŉ diep lewensvreugde in jou gewek het, wat jy nie met woorde kan beskryf nie! Dit is “vreugde” as vrug van die Gees.

**Wat is dan hierdie “vreugde” as vrug van die Gees? Dit is om ware lewensvreugde <u>in die Here</u> te hê! Lewensvreugde in my verhouding met die Here!**

Geliefdes, hierdie lewensvreugde lê vasgeanker in God se liefde vir my as sy kind en die ewige verhouding waarin Hy met my getree het! Hierdie vreugde is die vrug van God wat my as sy kind gemaak het en wat belowe dat niks my ooit uit sy hand sal ruk nie! En deur die Gees maak God dit vas in my verstand, in my gedagtes en in my hart, my emosionele lewe! Dat ek altyd daarvan bewus kan wees!

Liewe kinders, kom ek probeer om hierdie “vreugde” of “blydskap”so vir julle te beskryf: dis soos daardie gevoel wat in jou hart lê oor pappa en mamma se liefde vir jou! Dat hulle altyd daar is vir jou! Dat jy oor niks bekommerd hoef te wees nie, want pappa en mamma sal sorg!

Dat wanneer jy , sê nou maar, iets moois beleef, soos ʼn mooi prestasie wat jy behaal of ʼn mooi gebeurtenis in jou lewe, dan wil mens dit mos eerste vir pappa en mamma vertel! En dis so lekker as hulle saam met jou bly is!

Of aan die ander kant: as jy in die nag dalk bang geword het of jy het groot geskrik of baie seer gekry – daardie wonderlike vertroostende wete: pappa en mamma sal help! Hulle sal my beskerm! Dit is vreugde in die Here – om bly te wees dat ek die Here ken en dat die Here my ken en my liefhet!

Br en sr, hierdie lewensvreugde in die Here is een van die mees unieke eienskappe van ons lewens as gelowiges! Ons sien dit dwarsdeur die Bybel. Dink aan Dawid in Psalm 16: "Here, U is my lewe, U sorg vir my, ʼn Pragtige deel is vir my afgemeet! Ook sy wonderlike woorde in Psalm 23: Die Here is my Herder – selfs al gaan ek ook deur donker dieptes sal ek nie bang wees nie! En sovele meer ander gelowiges in die Ou Testament wat hierdie diep lewensvreugde in die Here ervaar het!

Paulus skryf in Romeine 5 dat hierdie "vreugde in die Here" deur ons Here Jesus vir ons kom bewerk is! Dit is die vrug van Christus se offer en sy versoeningswerk aan die kruis! Dat daar vir ons sonde betaal is en ons nou hierdie vreugde in die Here kan belewe!
Hy skryf: "Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het." En in vers 11 : "Ons verheug ons in God deur ons Here Jesus Christus deur Wie ons nou die versoening ontvang het"!!

Geliefdes, om in ʼn herstelde verhouding met God te kan leef, dit is die ware lewensvreugde wat ons hele lewe rig en bepaal! Dit is hoe Christus ons lewens km vernuwe en verander het! Dat ons nie meer deur vrees, bekommernis, wanhoop of watter ander hartsgesindheid beheers word nie, maar daar ʼn vreugde omdat ons kinders van God is!

Om hierdie hartsgesindheid en lewensuitkyk van vreugde in die Here te kan ervaar is deel van die werk van die Heilige Gees in my as gelowige! Dat ek dit kan weet en ervaar is vrug van die Gees se werk in my! Ons lees in Rom 14: 17: "Die koninkryk van God is nie ʼn saak van eet en drink nie maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en **<u>vreugde wat die Heilige Gee ons gee!". Hy bewerk dit in ons harte!</u>** In Rom 15: 17 bid Paulus hierdie pragtige gebed vir sy lesers: " Mag God, die bron van hoop , julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur **die krag van die Heilige Gees**."

Geliefdes, dis die wonderlike genade wat God in Christus en deur die Heilige Gees aan ons kom gee het! Dit is God se geskenk aan ons! Dat ons hierdie diep gewortelde, lewensbepalende vreugdesgesindheid mag hê omdat ons in verhouding met God leef!

Br en sr, julle verstaan nê? Hierdie "vreugde" as tweede vrug van die Gees is nie in die eerste plek die uiterlike blydskap en vrolik wees en lag wat met ons in ons alledaagse lewe geniet nie! Natuurlik kom dit ook daarin tot uiting! Hierdie vreugde is 'n diep gesetelde lewensvreugde wat ek in my verhouding met die Here beleef! Dis 'n hartsgesindheid! En natuurlik sal en moet dit ook sigbaar word in my lewe deur my lewe gevul met blydskap en lag en bly wees oor baie dinge!

Maar hierdie vreugde word nie – soos mense dink - deur uiterlike dinge bewerk nie! Ek moet dit ook nie daarin gaan soek nie! Want dit is wat wêreldse mense doen: hulle soek hulle lewensvreugde in gunstige uiterlike omstandighede! Bv: my nuwe werk, die verhoging wat ek gekry het, my nuwe huis of kar of selfoon gaan dit nie vir my gee nie! Hierdie vreugde word ook nie verkry uit menslike verhoudinge nie! Nie my huweliksmaat, of my kinders of my nuwe kleinkind gaan vir my hierdie vreugde gee nie!

Dit is die kontras wat Paulus in ons teksverse stel: In vers 19 noem hy die dinge waarin ons sondige natuur lewensvreugde gaan soek! Dinge soos onsedelikheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, dronkenskap en uitspattige lewenswyses! Daardie dinge gee nie vir jou ware vreugde nie! Maar daarteenoor: die vreugde as vrug van die Gees as 'n diep lewensvreugde in die Here!

Die Prediker het ons lankal reeds in die Ou Testament gewaarsku dat hierdie vreugde nie in aardse dinge gevind kan word nie! Hy het dit self ondervind sê hy in Prediker 2: 10 – 11: "Alles wat ek begeer het, het ek my veroorloof; ek het my geen plesier ontsê nie. Alles waarmee ek my besig gehou het, het my plesier verskaf. Dit was my beloning vir al my inspanning. Maar toe ek goed nadink oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, 'n gejaag na wind. In hierdie wêreld bevredig niks nie.

Net die Here bring ware lewensvreugde! Dit is die gawe wat Christus vir ons gegee het om ons kinders van God te kom maak! Dit is die gawe van die Gees!

Maar ek moet hierdie "vreugde" ook in my lewe aktief najaag! Soos met al die ander aspekte van die vrug van die Gees waarvan ons in ons teksvers lees, is die vashou aan hierdie "lewensvreugde in die Here" ook my verantwoordelikheid! Ek moet daarop fokus en ek moet dit my eie maak! Dit is ook God se opdrag vanmore aan ons: Dat ons hierdie vreugde wat ons in Hom vind, moet soek en dit in ons lewe moet vasmaak! Ons moet dit as 'n lewensingesteldheid beoefen!

Hoe doen ons dit? Deur ons verhouding met God versterk! As ons vreugde in Hom lê moet ons Hom opsoek! Hy is die bron en hoe nader ek aan die bron leef – hoe meer vreugde sal ek ervaar! Hoe sterker sal dit my gedagtes en my hart beheers! Hoe meer sal ek dit elke dag sigbaar kan uitleef!

Br en sr en liewe kinders: die  Here leer ons hoe ons Hom beter moet leer ken: deur ons toe te lê op sy Woord! Deur ons ernstige toewyding aan God in sy Woord! Immers: hoe beter ek die Here ken, hoe meer ek Hom dien, hoe groter gaan my vreugde word en hoe meer sal ek dit in my daaglikse lewe ervaar!

Dis immers waarom die Psalmdigter van Ps. 119 skryf hoeveel vreugde sy omgang met die Here se Woord vir hom bring: Luister wat skryf hy in Ps. 119: 35: “laat my wandel volgens u gebooie want daarin vind ek vreugde. U verordeninge laat dié my na aan die hart lê, nie die begeerte om myself te verryk nie. Weerhou my van ’n nuttelose lewe, laat my leef op die weg wat U aanwys. Vervul ook aan my die belofte wat U gegee het aan die wat U dien.”

Ware lewensvreugde word ervaar deur gemeenskap met God! In sy Woord, deur volgehoue gebed, deur Hom hier in die erediens te kom dien en deur daar buite in die wêreld aan Hom getrou te leef! Dit is die ware vreugde van ons lewe!

En ja, ons beleef hierdie ware lewensvreugde in die Here nog nie nou al volkome nie! Ons Here Jesus het vir ons ’n belangrike perspektief in Johannes 16 gegee. Daar sê Jesus oor hierdie vreugde dat dit kom soos deur die pyn van ’n geboorte!
In hierdie wêreld gaan ons dit nie volkome ervaar nie maar wanneer ons Here kom, dan sal ons dit volkome ervaar! Dit weet ons verseker en daaraan hou om met hoop en geloof aan ons Here Jesus vas! Dit gee ons nou alreeds vreugde!

Petrus skryf daarvan in 1 Petrus 1: 8 - 1 “Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met ’n onuitspreeklike en heerlike blydskap.”

Geliefdes, dit is die sekerheid van hierdie liefde van God in Christus dat ons met vreugde en blydskap saam met Paulus in Romeine 8 kan uitroep en sê: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.” Dit is vreugde as vrug van die Gees !

Kom ons leef ons lewensvreugde in die Here uit met die woorde van Habakuk:
“Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.

Amen